4. Verskeie dun boompies van dieselfde spesie kan gevleg word, om vinniger 'n dikker stam te verkry. Vier stammetjies kan byvoorbeeld gevleg word. Daar word net bo die wortels begin. Twee stammetjies sal mekaar van noord na suid kruis terwyl die volgende twee weer van oos na wes kruis. Dit moet dig teen mekaar gevleg word. Die stam se voorkoms is onnatuurlik en knopperig met openinge plek-plek. Met verloop van tyd sal dit egter toegroei soos die stammetjies aan mekaar heg. Die boompie moet in 'n groot houer geplant word en toegelaat word om sterk te groei, sodoende sal dit vinniger saamsmelt. Botsels kan later uit die verskillende stammetjies ontwikkel word om die takke te vorm.

Sekere spesies is beslis meer geskik vir hierdie tegniek. Alle Wildevye heg nie ewe maklik aan mekaar nie. Die meeste van die wurgers byvoorbeeld F.natalensis, F.thoningii en F.craterostoma, behoort redelik maklik aan mekaar te heg. F.sur en F.sycomorus sal waarskynlik ook gebruik kan word.

5. Om 'n tak of stammetjie te verdik, kan dit heen en weer gebuig word. Die kambuim laag word beskadig en in die proses van genesing, verdik die stam vinniger. Die tegniek kan egter net toegepas word indien die tak of stam nog jonk en buigbaar is (Die spreekwoord sê mos: Buig die boompie terwyl dit nog jonk is!). Dik en ou takke kan maklik breek.

6. Die stam kan liggies met skuurpapier geskuur word om die stam te beseer. Dit sal dan verdik in die proses van genesing.

7. Twee of meer stamme kan teen mekaar gevoeg word nadat die bas aan die kante verwyder is. Die stamme sal binne 'n paar jaar sodanig teen mekaar heg, dat die afsonderlike stamme nie meer sigbaar sal wees nie. (Vgl. Kremetart styl vir volledige bespreking van tegniek.)

WILDEVYE UIT DIE NATUUR

OOSIE OOSTHUIZEN

In vergange se dae het mense in Japan gedurende die Lente die berge ingevaar om, wat party van die meesters "ready made" bonsai noem, te vind en omdat dit in daardie dae nog redelik biskikbaar was, het hulle dikwels pragtige bome huistoe geneem. Selfs vandag, met jare en selfs eeue se liefdevolle versorging en aandag, kan van hierdie bome nog besigtig word by internasionale tentoonstellings. Vandag moet hulle egter met saailinge uit die veld tevrede wees en selfs dan moet hulle dit vervang met boompies uit kwekerye. Ons geniet op hierdie staduim baie vryheid met betrekking tot die uithaal van bome uit die veld. In belang van die natuur moet hierdie vryheid nie misbruik word nie.

In Suid-Afrika is daar 'n redelike verskeidenheid van Wildevye. Veral die kleinblaar soorte is besonder geskik vir bonsai. Wildevye maak in die algemeen stewige stamme wat ondersteun word deur robuuste wortelgroei en bekroon word met welige vertakking en glansende leeragtige blare. Die kunsvorm kan makliker gemaak word deur slegs boompies met 'n interessante en welige groeiwyse met kleinerige blaartjies, uit te haal. Enige boompie van 10 tot 20 cm hoog is geskikte materiaal en behoort geen probleme te lewer om te groei nie - dit het meestal nog 'n kompakte wortelmassa en is maklik om uit die veld te haal. Ouer boompies sal meer sensitief reageer omdat die fyn wortels wat verantwoordelik is vir die opname van voedingstowwe agtergelaat word in die uithaalproses.

Die toestemming van die eienaar van die grond is absoluut noodsaaklik, alvorens bome uitgehaal kan word.

Daar is baie teorieë omtrent die mees geskikte tyd van die jaar vir die uithaal van bome, maar die kanse vir suksesvolle verplanting is steeds